AFFIES BEDRYWIG IN VAKANSIE

Getrou aan tradisie sal Affie-sportmanne tydens die Aprilvakansie bedrywig wees en die skool amper landswyd verteenwoordig op die sportvelde.

Hier volg ‘n kort opsomming van die aktiwiteite:

RUGBY:

- Onder 14A’s vertrek vandag na die Kwagga-week by die Hoërskool Outeniqua in George;
- Die onder 16A’s vertrek ook vanoggend vir hul deelname aan Paarl Gim se rugbyweek;
- Die onder 15A’s is vanaf Maandag in aksie by die Francois Swartweek wat plaaslik aangebied word;
- Die onder 16C- en D-spanne neem vanaf 1 April deel aan die Amajuba-week in Volksrust;
- Die 3e en 4e spanne sal vanaf 3 April deelneem aan die Mauritz Hansen rugbyweek in Nysltroom;
- Die onder 14C- en D-spanne sowel as die onder 15C- en D-spanne sal vanaf 4 April ook in Volksrust in aksie wees;
- Die eerste rugbyspan sal op 4 en 7 April in aksie wees by Paarl Boishaai se honderd-en-vyftigste bestaansjaarvieringe.

GHOLF:

- Die jaarlikse Affie-feestoernooi begin op 5 April en duur tot 8 April.

HOKKIE:

- Die onder 14B-span is vanaf vandag in aksie by Nelspruit Hoërskool se feestoernooi.
- Die eerste hokkiespan sal vanaf vandag tot en met 2 April in aksie wees by die KES-feestoernooi;
- Die onder 16A-span speel vanaf 31 Maart tot 3 April in die Founderstoernooi wat deur Affies aangebied word;
- Die eerstespan speel vanaf 3 tot 6 April in die Founderstoernooi by Dale College in King Williamstown.

ATLETIEK:

- ‘n Handjievol atlete verteenwoordig Noord-Gauteng by die Suid-Afrikaanse Junior Kampioenskappe in die Paarl.

Baie sterkte aan elke Affie wat sy skool se naam gaan hoog hou!